

Bevorder swartgoed-denke deur doelbewuste optrede




Doelbewuste optrede beteken dat ouers en kinders saam kan nadink en in gesprek kan tree oor die eienskappe wat hulle beskik wat negatief is, redes aanvoer hoekom die eienskappe nie aanvaarbaar is nie en wat hulle kan doen om die negatiewe eienskappe te elimineer.

Wenk 1: Oefening: *Ouers kan hulleself afvra watter gewoontes/eienskappe dink hulle hou hulle terug om die beste ouer wat hulle kan wees te wees. Ouers kan dieselfde vraag vir hulle kinders vra en kyk tot watter mate die antwoorde met hulle eie antwoorde ooreenstem. Ouers en kinders kan dan saam besin oor hoekom die eienskappe/gewoontes onaanvaarbaar is, en dit skriftelik verwoord.*

Voorbeeld:

Ek is humeurig.
Ek is ongeduldig.
Ek luister te min.
Ek oefen te veel druk uit.



Hoekom hierdie eienskappe onaanvaarbaar is:


Voorbeeld:

Ek luister te min: ek gaan dalk nie bewus wees van probleme wat my kind ervaar nie.

Wenk 2: Oefening: Vra kinders om na te dink oor watter negatiewe gewoontes/eienskappe hulle terug hou om die beste kinders vir hulle ouers te wees. Die ouers kan dan ook die vraag beantwoord en hulle antwoorde met hulle kinders se antwoorde vergelyk. Ouers en kinders kan dan saam besin oor hoekom die eienskappe/gewoontes onaanvaarbaar is, en dit skriftelik verwoord.

Voorbeeld

Ek stel uit om te doen wat Ma/Pa my vra om te doen.
Ek is ongehoorsaam.
Ek praat terug.



Hoekom hierdie eienskappe onaanvaarbaar is:

Ek stel uit om te doen wat Ma/Pa my vra om te doen: iemand anders in die huis gaan dit waarvoor ek verantwoordelik is moet doen, en dit is onregverdig. In die huis moet ons almal ons kant bring. Dit kan veroorsaak dat Ma-hulle ongeduldig raak met my.

Wenk 3: Oefening: Ouers en kinders kan boekhou van mekaar se negatiewe eienskappe oor 'n week om te kyk wie die meeste van hulle negatiewe eienskappe kan uitskakel/elimineer.

Voorbeeld:

Ma/Pa							
	3/2	4/2	5/2	6/2	7/2	8/2	9/2
Humeurig	√	√					
Ongeduldig	√	√	√	√			

Bertus							
	3/2	4/2	5/2	6/2	7/2	8/2	9/2
Doen nie huiswerk nie	√	√	√	√	√		
Onghehoorsaam	√			√			

Daar kan selfs 'n beloning/guns gekoppel word aan die een wat die minste negatiewe eienskappe gedurende die week openbaar. As Ma/Pa wen, kan Bertus dalk vir Ma/Pa ontbyt in die bed bring, en as Bertus wen, kan Ma/Pa dalk vir Bertus op die uitstappie na die Planetarium waarheen hy al so lankal wou gaan, neem.